



DRUIPELINGE IN GR. 1, 2 EN 3

‘Moet hulle nie net deursit nie’

SAOU teen Angie se plan

Andrea Küsel

Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) staan die nasionale onderwysdepartement se planne teen om dit onmoontlik te maak dat leerlinge in die grondslagfase ’n jaar herhaal.

Chris Klopper, hoof van die SAOU, sê in ’n verklaring Angie Motshekga, minister van basiese onderwys, het onlangs weer haar planne beaam dat leerlinge in gr. 1, 2 en 3 outomaties na die volgende graad deurgesit en nie teruggehou moet word nie.

“In ’n antwoord op ’n skriftelike parlementêre vraag van dr. Wynand Boshoff, VF Plus-parlements lid, het Motshekga haar omstrede mening herhaal dat leerlinge in die grondslagfase outomaties deurgesit moet word en nie moet druip nie,” lui die verklaring.

Motshekga het in haar departement se begrotingsrede vroeër vanjaar gesê verskeie kenners is meen dat dit op opvoedkundige vlak geen sin het om kinders van ses tot tien jaar ’n graad te laat herhaal nie.

“Volgens die kenners put die kinders absoluut geen voordeel daaruit om ’n graad te herhaal nie.

“Die herhaling van ’n graad is trouens vir baie leerlinge ’n sterk teken van mislukking wat lewenslank by hulle bly,” het Motshekga vroeër gesê.

Die SAOU sê die onderwysdepartement is reeds besig met planne om dié outomatiese vordering in die grondslagfase in te stel.



Angie Motshekga, minister van basiese onderwys. Foto: JOSHUA SEBOLA



Leerlinge se agterstande gaan gewis nie aangepak of verbeter word as hulle vinniger deur ’n spreekwoordelike drukgang gejaag word nie.

— Chris Klopper

“Leerlinge se agterstande gaan gewis nie aangepak of verbeter word as hulle vinniger deur ’n spreekwoordelike drukgang gejaag word nie,” sê Klopper in die verklaring.

Prof. Kobus Maree, ’n opvoedkundige sielkundige aan die Universiteit van Pretoria (UP), het gister by navraag gesê leerlinge wat bevorder word ten spyte daarvan dat hulle bepaalde beginsels nie bemeester het nie, sukkel dikwels uitermate in die daaropvolgende jare.

“Ek stem saam dat dit nie vir ’n leerling lekker is om ’n graad te herhaal nie, maar hoe ons as volwassenes en hoe hul maats optree, bepaal in ’n groot mate hoe leerlinge die herhaling van

’n graad beleef.”

Prof. Elda de Waal, navoringsprofessor op die gebied van openbare skole verbonde aan die Noordwes-Universiteit (NWU), sê sy deel Motshekga se kommer oor die hantering van leerlinge wat in laer grade teruggehou word.

De Waal sê sommige skole fokus daarop om hul geskiedenis skoon te hou in plaas daarvan om leerlinge wat werklik sukkel, te help.

Sy sê onderwysers moet eerder pogings aanwend om leerlinge wat nie so vinnig soos ander vorder nie, te help.

“Daar moet spesifieke ingrypings en strategieë wees om leerlinge te help eerder as om hulle net uit die stelsel te werk.”

De Waal sê Motshekga tree dringend en ingrypend op omdat sy weet sommige skole werk swakker leerlinge uit die skoolstelsel.

Elijah Mhlanga, woordvoerder van die nasionale onderwysdepartement, het gister bevestig die minister wil die vereistes vir bevordering in die grondslagfase hersien om die stelsel doeltreffend te maak.

“Om leerlinge ’n graad te laat herhaal, het geen voordeel nie. Wat benodig word, is ondersteuning vir die leerlinge om deur te kom sonder dat hulle grade hoef te herhaal,” sê Mhlanga.